# DRIE-EENHEID: Vrae in die groepe:

Besluit watter van die teksvers hieronder maak die volgende stellings waar:

## DAAR IS NET EEN GOD:

## DIE DRIE-EENHEID BESTAAN UIT DRIE PERSONE:

## ELKE PERSOON IN DIE DRIE-EENHEID IS OOK VOLLEDIG GOD:

***1 Kor 3:16*** Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?

***Deut 6:4*** Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

***Matt 3:16-17*** Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos ‘n duif sien neerdaal en op Hom gekom. 17. Daar was ook ‘n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My”.

***Fil 1:2*** Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus

***1 Kor 8:4*** Wat nou betref die eet van vleis wat aan ‘n afgod geoffer is: ons weet dat daar geen afgod in hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een.

***Matt 28:19*** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

***Titus 2:13 b*** Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.